

Sing vooraf: Psalm 95:6 (p. 478)

6 Ek het verdriet van hul gehad / wat aldeur weg wou van my pad, / en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.
Daarom het Ek in toorn gesweer: / Die rusplek erf hul nimmermeer / wat vir 'n trouer volk berei is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:39 (p. 594)

39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 73:1 (p. 366)

1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.

Skriflesing: Psalm 96

Teks: Psalm 96:8; Kategismus Sondag 36 & 37

Gee aan die HERE die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe. (Psalm 96:8 AFR1953)

Dawid sien in die hemel en op die aarde die heerlijkheid van God. Hy sien dat al die volke voor die Here staan. Hulle moet almal aan die Here die eer en die sterkte gee (v. 7). In vers 8 skryf hy: **Gee aan die Here die eer van sy Naam!**

Al is dit Dawid se pen wat hierdie woorde neergeskryf het, is die bevelgewer die Here self. Hy gee die bevel aan mense sodat hulle kan weet hoe hulle teenoor Hom moet optree: Hulle moet sy Naam heilig maak.

Onwillekeurig roep dit die gebod in ons gedagtes op:

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
(Eksodus 20:7 AFR1953)

Kom ons kyk na twee sake:

1. Die ware eed en sy betekenis

2. Die valse eed moet vermy word

1. Die ware eed en sy betekenis

Prakties werk dit so dat die gelowige die Here se Naam gebruik wanneer hy die Here in sy gebede aanspreek. Of wanneer hy die Here aanbid.

- Elke keer wanneer ons die Naam van die Here noem, bely ons sy heilige alomteenwoordigheid.
- Dink nou wat gebeur wanneer iemand wat vloek die Naam van die Here gebruik. Bid hy?
 - Dink hier aan die ongewenste omstandighede waaronder mense dikwels is wanneer hulle die Here se Naam as vloekwoord gebruik.
 - As iemand sou beweer dat hy bid wanneer hy vloek, wat bid hy? Byna nog belangriker: wat bely hy voor die Here met sy gevloekery?

Weet u hoe ernstig is dit wanneer ons die Here se Naam noem?

- Wanneer die ware bidder die Here se Naam noem, gaan hy in die Naam van die Drie-Enige God na sy heiligdom toe.
- Wanneer iemand die Naam van God gebruik om mee te vloek, beteken dit dat hy vir homself alle toegang tot die genadetroon van die Here afsny.
 - Hy laai die toorn van die Here op hom wanneer hy die Naam van die Here misbruik.

Wanneer iemand vloek met die Naam van die Here, bewys hy hom daarmee as die vyand van God.

- Dit bewys ongeloof, of ten minste geen vordering in die geloofsluwe van die vloeker nie.
- Dit bewys ook 'n gebrek aan respek vir die Here.
- Ons kan ook sê dat daar 'n gebrek aan heiligwording en bekering is by iemand wat die Naam van die Here laster of misbruik.

Daar is natuurlik verskillende plekke waar die gelowige die Naam van die Here moet gebruik.

- Die een is vanselfsprekend wanneer ons bid.
- Maar u moet nie onder die indruk wees dat die gebruik van die Naam van die Here net die gebed en ons verkeer met die Here in die algemeen raak nie.
- Dit raak ook die eed wat ons sweer om die waarheid mee te bevestig.

Die eed is daar om die ware gelowige in staat te stel om die Ewige God as Getuie aan te roep vir dit wat hy getuig.

- Dit beteken ook dat ons God as die hoogste Regter inroep vir die saak wat ons stel.
- Daarom is dit sonde as jy 'n eed sweer, maar nie die volle waarheid vertel nie. As jy lieg, laai jy daarmee die toorn van die Here op jou.

Dit is waarom die Here die owerheid die reg gee om onder bepaalde omstandighede van ons te kan vra dat ons die waarheid met 'n eed bevestig. Dit is byvoorbeeld wanneer ons in die hof staan en voor die Here sweer dat dit wat ons getuig die volle waarheid voor die Here is.

Om te sweer is 'n geweldige ernstige saak.

- Paulus sweer byvoorbeeld in Romeine 1 dat God sy Getuie is dat hy altyd aan die gelowiges in

Rome dink.

- Dit is omdat hy met hierdie eed die gemeenskap van die heiliges en hulle eenheid in Christus beklemtoon.
- Die ware eed bevestig dus ook die heiligheid van God en ook sy teenwoordigheid by die een wat die eed neem. Daarom is die valse eed 'n saak wat die Here erg vertoorn.

2. Die neem van 'n valse eed moet vermy word

Dit lei ons vanself daarnatoe dat ons mense kry wat dikwels onnodig sweer. Daar is nogal mense wat baie keer in hulle geselskap en ook sommer vir enige iets sê: Ek sweer.

Kom ons kyk weer na onself.

- Wat is die verhouding tussen ons en een wat in ons geselskap die Naam van die Here misbruik?
- Ons verhouding behoort so te wees dat almal in die geselskap kan sien dat ons die Naam van die Here net met groot respek en met groot huiwering gebruik.
- En dat ons elke keer wanneer ons die Naam van die Here noem, dit doen om aan Hom eer te betoon.

Daarom moet ons diep bekommerd wees oor mense wat vloek in ons teenwoordigheid, anders het ons 'n reuse-aandeel in sy sonde!

- Ons mag nie onverskillig staan en toeluister waar iemand die Here laster nie.
- Ons moet bekommerd wees oor God se eer en oor ander mense se saligheid, en daarom moet ons so 'n persoon vermaan.
- Ons moet in liefde na die persoon toe gaan en met hom gaan praat sodat hy tot bekering kan kom.

Ons moet teenoor die vloeker se gebruik van die Naam van die Here, die Naam van die Here in eer teenoor hom gaan gebruik. Ons moet hom bearbei dat hy sy sonde kan bely en met berou hom tot die Here bekeer.

Prakties staan die saak so:

- As ons die naam van 'n medelandsburger laster, kan ons gedagvaar word, en deur die wet gestraf word.
- As ons so streng is oor die eer van mense, moet ons nog soveel meer nie die Naam van die Here laster en Hom sodoende verag nie.

Die Here ons God het die straf van die ewige verdelging in sy hand.

- Dit is 'n baie erg straf, want dit beteken die ewige hel na hierdie lewe.
- Die Here is die enigste Regter wat daarvoor beslis.
- Ons moet dit besef wanneer ons sy Naam gebruik, en hierdie Regter vrees.

Daarom moet ons baie versigtig wees en sulke astrartheid wat in ons opkom, vervang met gelowige eerbied vir die Almagtige.

Besef ons altyd dat geestelike blindheid en doofheid die bron is waaruit die misbruik van die Here se Naam voortkom?

- Dit getuig daarvan dat die een wat die Here se Naam laster, die heerlijkheid van God nie kan sien nie.
- Dit getuig dat daardie persoon so doof is dat hy ook nie die stem van die Heilige Gees kan hoor nie.

Dit laat die vraag by die ware gelowige ontstaan of iemand wat die Here se Naam laster, ooit die binnekant van die koninkryk van God sal sien.

- Die Bybel leer tog uitdruklik dat die wedergeborene die vrugte van die wedergeboorte dra.
- Iemand wat vloek, getuig nie met so 'n daad dat hy vrugte van die wedergeboorte dra nie.

Ten slotte moet ons onthou dat die Here ons dreig as ons sy Naam ydellik gebruik:

. . . want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Dit is waarom ons belydenis ook leer dat daar geen sonde is wat die Here meer vertoorn as om sy Naam te laster nie.

- Die saak is vir die Here so ernstig dat hy die doodstraf ingestel het op hierdie oortreding:
En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die NAAM laster, moet hy gedood word. (Lev 24:16 AFR1953)

As die Here Jesus Christus ons enkele Sondae terug aan sy tafel verseker het dat Hy al ons sondes volkome met God versoen het, en ons verag Hom deur sy Naam te vloek, deel ons dan in daardie verlossing?

Is die teendeel nie waar nie, naamlik dat sulke mense hel toe gaan, want Christus het ook gesterf vir die verdelging van diegene wat sy Naam laster en daarmee volhard.

Kom ons wees liewer wat God ons in die Here Jesus Christus gemaak het – lewende getuies van sy Woord en van sy Naam.

- Kom ons lewe as uitverkorenes, en herskeptes wat God bely.
- Ons waak teen die misbruik van sy Naam omdat ons in Jesus Christus se verlossing die krag ontvang het om God te kan sien in sy grootheid en heerlijkheid.
- Laat ons onthou dat ons deur sy Gees bekwaam gemaak is om God deur die gebruik van sy Naam te eer en nie te laster nie.

Kom ons lees wat ons hieroor bely in Kategismus Sondag 36 en 37.

Vraag 99: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: *Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroop (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).*

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.

Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te

vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).

(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.

Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuigenis te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).

(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 89:14 (p. 447)

14 'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer, / beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig, / net soos die son se lig so glansryk en bestendig;
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë / staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 September 2009